Die bemagtiging van ons lidmate.....?

of is dit

Besielde lidmate en leraars?

Francois Swart

Die Algemene Sinode se Diensgroep vir Gemeente Ontwikkeling (ADGO) met opdrag Lidmaat Bemagtiging is op die oomblik besig met die vraag:

Hoe ons lidmate en leraars kan help om:

- Hulle unieke self te wees met vrymoedigheid in ’n tyd van verandering?
- Te besef dat elke lidmaat en leraar unieke gawes en bydraes het en dat elkeen se inisiatiewe kosbaar is?
- Gesprek aan die gang te kry om die gedagte van “voor die aangesig van God te leef” (Coram Deo), nog verder te ontgin en te verruim?
- Om lidmate en leraars te help om nog verder ’n wesenlike verskil in die omgewing waarbinne hulle geplaas is te maak?

1) Die woord “bemagtiging” en hoe ons dit wil gebruik?

Die woord bemagtiging dui onder andere op ’n bepaalde verstaan van die “kwaliteit van lewe van ’n gelowige” voor die aangesig van God. Volgens die verklarende woordeboek dui die begrip “bemagtiging” op ’n posisie van eie inisiatief om binne situasies in eie reg op te tree. ‘n Persoon is by magte om ’n saak sy eie te maak en selfstandig verantwoordelikheid vir ’n saak te neem.

Dis ’n woord wat moeilik gevind word direk in die Bybel. Maar ons weet tog in ons teologiese besigwees is dit nie nodig dat ons alle begrippe direk in die Bybel moet vind nie. Tog dra die Bybel en die woorde wat ons gebruik ’n bepaalde gees met dit saam.

Ons behoort die woord “bemagtiging” verder te ondersoek en daaroor na te dink.

Die woord bemagting dui op (be)MAG(tiging) - “Mag!”

Is dit die demonstrasie van jóú mag, van wat jý kan doen en van jóú potensiaal? Is mag ’n vorm van “kragvertoning” of is dit ’n vorm van “demonstratiewe iets” wat ons gawes noem?!

Loop ons dalk die gevaar dat ons studie oor gawes ’n menslike “kragvertoning” situasie, bewustelik of onbewustelik bevorder?

Mag of bemagtig het amper die element van iets “macho” in. (Kyk Verklarende Woordeboek na verskillende betekenis moontlikhede)

Aan die anderkant.

Is dit miskien die mag wat ons van iewers kry?

Is dit afgeleide gesag of mag?

Die reg of mag wat ons het, as gevolg van.....?

Die gedagte van die vrae is nie om weg te doen met die woord “bemagtig” nie maar ’n poging om ’n meer eg Bybelse betekenis aan die woord “bemagtig” te gee.

Die vermoede bestaan dat die werking van die Heilige Gees en sy Krag ons waarskynlik kan help om meer genuanseerd in ’n geestelike konteks oor wat ons presies met “bemagtig” bedoel word, te praat.

2) Die Heilige Gees en bemagtiging

Die Krag van die Heilige Gees bring ’n bepaalde nuanse, tekstuur en kleur aan bemagtigingsprosesse en rimpelprosesse in geloofsgemeenskappe. Dit werk nie met mag en mening nie. Dit werk dikwels nie triomfantelik en ooglopend nie. Die Heilige Gees beweeg en bekragtig mense dikwels in stilwees en luister, dit bring kreatiwiteit en doelgerigtheid, dit bring verwondering en misterie en dra nie die sweem ruheid en ’n reg nie. Die krag van die Heilige Gees en die uitwerking daarvan op die gelowige se lewe, kom anders oor as mag, magtiging en bemagtiging.

Die krag van die Heilige Gees dui baie keer op eenvoud en nederigheid. Die Heilige Gees is werksaam in die aandwindjie, in die raak van ‘n gelowige aan ’n medemens en in die kwaliteit tyd wat ons saam met ‘n medemens spandeer.

Die gelowige is dikwels maar net:

Die kabel waardeur die krag van die Heilige Gees vloei.

Die suurstofpyp waarlangs die suurstof van die Heilige Gees loop.

Die ink wat die boodskap van die Heilige Gees vertoon.

Die fotostaat wat ’n afdruksel is van die Gees.

Die plastieksak wat die verrassing van die Heilige Gees dra.

Rimpels van medemenslike liefde en die rimpel van medemenslike deernis, diensbaarheid en begrip kry eers daadwerklik stukrag en ware betekenis as dit deurdrenk is met Sy Gees.

’n Christen gelowige is bekragtig en word ge-energeer deur die Heilige Gees. **Bemagtiging gaan oor die geïnspireerheid van ons lidmate en die bevordering daarvan.**

- Jesus praat in Hd 1:8 van “krag” wat ontvang word. Die soort “krag” is besondere geestes- en sielskrag wat ook verbindingslyne het met Jesuskrag, dunamiskrag, opwekkings-, opstandings- en dinamietkrag.
- Dit is dié geestes- en sielskrag vanuit dié Bron (Die Drie Eenheid), wat vloei en deurvloei en wat bloot gekanaliseer word deur vrugdraende gelowiges. (Joh 15 - Jesus die Wynstok en ons die lote en Gal 5:22)
- Dit is troos- en deerniskrag, sensitiwiteitskrag veral in ’n tyd soos hierdie, want die Heilige Gees se ander naam is Trooster!
- Die gelowige is gerat in sy siel om ’n rimpeleffek in hulle gemeenskappe te maak.
- Die krag wat van die Heilige Gees ontvang word sit die bekragtiging- en die besielingsproses aan die gang.

Dit inspireer gelowiges voortdurend dat hulle nie probleemgerig nie maar oplossings- en uitkomsgerig is en waarde toevoeg in oënskynlike vasgeloopte situasies

3) Die ritseling van die Gees en die verwondering.

Die rimpels van Geesgedrewe gelowiges roep vir:

Verwondering, dankbaarheid en ’n lofuiting teenoor GOD!

Dit is so, omdat dit die Heilige Gees is, wat altyd ons koppe

draai in die rigting van die Hoop!

Wat my altyd by ’n huweliksbevestiging opval is die ritseling wat deur die gehoor gaan as die bruid opgedaag het en kort daarna staan ons almal op.

Die ritseling van die koms van Sy Koninkryk is deurlopend onder ons te bespeur. Kerkwees en gemeentewees vandag is besig om onder ons op ’n nuwe en vars manier te ontluik soos ’n bruid. Kom ons raak opnuut bewus en luister en kyk na die ritseling van Sy Gees onder ons! Die Kerk is op die oomblik besig om haar opnuut binne hierdie tydgewrig gereed te maak vir die koms van haar bruidegom – Jesus Christus ons Here!

Die wonder is dat ons nou-al almal deel daarvan kan wees.